16 Julie 2009

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR WICUS PRETORIUS,
DIREKTEUR VAN WILDBEDRYF SUID-AFRIKA

WRSA steun volhoubare benutting van renosters

Die volhoubare benutting van wildlewe is ‘n grondbeginsel van Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA), verteenwoordigende liggaam van die wildboerderybedryf in Suid-Afrika. As sulks kan WRSA nie fout vind met die vervreemding van wit renosters deur die Kruger Nasionale Park, soos onlangs wyd oor berig is nie.

“Die praktyk kan egter net gesteun word mits alle partye wat diere verskuif, hervestig, koop of verkoop en vervoer aan alle regulatoriese vereistes asook die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se standaarde in hierdie verband voldoen – hetsy dit WRSA-lede of die Parkeraad is,” sê Wicus Pretorius, direkteur van WRSA. “Dit is nie in belang van die wildlewebedryf, ons lede ingesluit, indien die verwydering van diere nie volgens regulasies geskied nie.”

Die WRSA is van mening dat die Parkeraad ernstig oorweging moet skenk aan alternatiewe metodes om oorskot-renosters in die land se nasionale parke te verwyder ten einde renostergetalle weens onder meer ekologiese oorwegings te beheer en bestuur. Een so ‘n moontlikheid is om van die diere beskikbaar te stel vir gemeenskapsprojekte, ontwikkelende wildboere en ander swart ekonomiese bemagtigingsprojekte. Só ‘n strategie sal tot groot voordeel van die betrokke gemeenskappe aangewend kan word en strek ook tot voordeel van die wit renoster se getalle.

“Die oordeelkundige bestuur van wildgetalle gegrond op die nodige navorsing, strek tot voordeel van die totale wildbedryf,” sê Pretorius.

Vir nadere inligting, kontak Reinhardt Holtzhauzen, bestuurder van WRSA, by tel 012 335 6994, sel 083 611 0467 of e-pos manager@wrsa.co.za.

Einde